Tema: Daar is meer aan Jesus...
Teks: Ef 3:14-21 & Fil 4:10-12

Inleidend
Matryoshka-poppe is ook bekend as stapelpoppe en is poppe van afnemende grootte wat in mekaar geplaas word. Die lekker van die stelle poppe is die verrassings-element van elke volgende poppie wat nog binne wag waarvan jy nie weet nie en nie sien nie...

Ek het die vakansie ’n soortgelyke verrassende ervaring gehad nadat ek van kinderdae af die voorreg het om gereeld die Kruger wildtuin te besoek en ek op ’n punt gekom het wat ek gedink het, dat ek nou die meeste van die Kruger al beleef en ervaar het, maar die afgelope vakansie was ek verras toe ons op ’n staptog in die Kruger was en ek ’n totaal ander en nuwe ervaring beleef het. Dit was soos nog ’n stapelpop wat ek kon uithaal...Ek het nie gedink dat ek nog iets meer in die Kruger kon beleef nie...en toe ’n totaal ander ervaring. Die grootste skuif was dat ek skielik nie meer ’n waarnemer van die natuur en diere was nie, maar in die staptog ’n deelnemer van die gebeure geword het.

Daar is meer aan Jesus as wat jy dink...

Die beeld van die Matryoshka-poppe en die stap ervaring in die Kruger-wildtuin het by my die gedagte gelos van: ***“Daar is meer as wat jy dink, daar is meer as wat jy sien, daar is meer as wat jy verwag...”***

Ons gaan in die kwartaal in ons eredienste fokus op Jesus Christus en wat ons van Jesus leer vir ons lewe as gelowiges. Die belangrikste van hierdie reeks en hierdie reis die

volgende paar weke is om dit vas te hou:

"Daar is meer aan Jesus as wat jy dink, daar is meer as wat jy sien en daar is meer as wat jy selfs verwag en op hoop..."

Ek lees die week van die Mausoleum van Galla Placidia in Italië, waar die keiser van Rome meer as 1500 jaar gelede 'n graf gebou het vir sy geliefde suster. Dit is 'n klein geboutjie wat ontwerp is in die vorm van 'n kruis met 'n plafon wat bestaan het uit mosaik wat 'n uitbeelding is van Jesus as die goeie herder en wat omring is deur skape en emerald groen weivelde met 'n lugruim van sterre wat skyn. Hierdie gebou en graf in Italië word as van die mooiste en beste kunswerke beskou. Maar daar word vertel dat as toeriste die fotos sien van die pragtige kunswerk en dan die grafkamer besoek mag hulle dalk teleurgesteld wees, want die plek het net twee klein venstertjies wat die lig binne baie swak maak en wanneer klomp toeriste die plekkie besoek is dit so donker dat mens wynig van die mooi kan sien. Maar langs die muur is 'n boksie waarin mens 'n munstuk kan gooi wat dan vir 'n paar sekondes die lig laat aangaan wat mens help om die skoonheid te kan sien en waardeer...maar as jy haastig is en uitgaan mag jy dit dalk mis

En so kom en gaan toeriste en elke keer wanneer die ligte vir 'n'n paar sekondes aangaan sien iemand iets van die skoonheid van die mosaik voordat dit weer in die donker wegraak...

Die ervaring wat gelaat word is 'n oomblik se verwondering van wat gesien word...maar jy weet daar is soveel meer...

"Daar is meer aan Jesus as wat jy dink, daar is meer as wat jy sien en daar is meer as wat jy selfs verwag en op hoop..."

Die waarheid is dat dit nie altyd so maklik is om Jesus raak te sien en te eien vir wie en wat Hy regtig is nie.

Baie mense buite die kerk het 'n baie gebrekkige vae of skewe prentjie van Jesus. Dit kom dikwels a.g.v oningeligtheid of soms uit negatiewe ervarings van die kerk en kerkmense.

Ook baie Christene verstaan Jesus nie regtig nie. Soms is ons verstaan so beperk en probeer ons Hom eintlik net gebruik en selfs misbruik net vir ons planne en doeleindes. Ons glo in Hom en volg Hom vir die voordeel wat ek moontlik daaruit kan kry...

Soms leef ons met eensydige prentjies van Hom met een kant of een verhaal van Hom waarvan ons baie hou, terwyl ons ander verhale ignoreer en maak of dit nie waar is nie.

Soms trek ons vir Jesus klere aan wat Hom soos ons laat lyk en soos ons laat doen. Ons skep vir ons 'n Jesus waarmee ons gemaklik is.

Soms leef ons met prentjies van Jesus wat bloot maak dat ons Hom onderskat...dat ons nie veel van Hom verwag nie...dalk omdat ons

teleurgesteld is en die lewe soms vir ons kante wys waarin ons Jesus nie sien nie...daarom verwag ons niks meer nie.
Dit kan ook wees dat mens lankal van Jesus weet...met Jesus en die evangelie groot geword het. Jy kan selfs voel dat jy Hom nog altyd dien en nog nooit ver van Hom af geleef het nie...en tog dat jy nie regtig weet wie Hy is en wie Hy vir jou wil wees nie.

"Daar is meer aan Jesus as wat jy dink, daar is meer as wat jy sien en daar is meer as wat jy selfs verwag en op hoop..."

'n Groot deel van Jesus se storie is 'n storie van misgekyk en misverstaan word...
Ons sien dit reeds in die 4 Evangelies van die Nuwe Testament. Omtrent niemand herken Hom vir wie Hy is nie. Sommige dink Hy is net Josef se seun. Ander dink Hy is 'n eiesinnige, gevaarlike wetsoortreder. 'n Drinker, 'n vraat en 'n vriend van sondaars. Die owerste dink Hy is 'n volksverraaier en 'n vyand. Selfs sy eie familie en die dissipels verstaan tot na die kruisiging ook nie regtig wie Hy is en wat Hy vir hulle kom doen het nie. Johannes beskryf dit raak as Hy sê dat Jesus na sy eie mense, sy eie volk gekom het en dat sy eie mense Hom nie herken en aangeneem het nie (Joh 1:1)
Daar is gelukkig ook die verhale in die Bybel van mense wat Jesus wel herken het. Die ironie is dat dit nie mense in die binnekring was nie, maar dikwels mense op die buiterand soos sekere vroue, soos die blinde Bartimeus, soos die Romeinse soldaat by die kruis wat uitroep: "Waarlik, Hy was die Seun van God".
Verhale wat vir ons vertel van sulke oomblikke wat die lig geskyn het soos in die grafkamer in Italië en die mosaiek verlig word en daar vir 'n oomblik 'n beeld verskyn wat alles verhelder.
Die Nuwe Testament is immers geskryf deur mense wie se oë oopgegaan het, sodat hulle die "meer" kon sien. Johannes skryf dat die lewe in Hom, Jesus was – in oorvloed (Joh 10:10). Dat die lewee van Jesus 'n lig en baken was vir die mense. Petrus se oë gaan oop en hy bely sy sonde en onwaardigheid. Toe Paulus se oë vir Jesus oopgaan, draai hy sy rug op alles wat vroeër vir hom kosbaar was en hy streef na een ding en dit is om Christus beter te leer ken.

Fillipense 4:10-11
"Al wat ek wens is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan sy opstanding uit die dood. Ek së nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak, omdat Christus Jesus my reeds syne gemaak het."

En daarom as Paulus vir sy vriende in Efese ’n brief skryf en vir hulle bid...wat bid Hy vir hulle?

Ef 3:16-19

“Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innirlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaanen mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.”

Wat bid Hy vir hulle?

Hy bid dat te midde van die moeilike omstandigehde waarin hulle leef, die baie donker, dat hulle nader aan Jesus sal kom, dat hulle in sy liefde sal leef, dat hulle oë sal oopgaan vir sy liefde en dat hulle Hom so sal leer ken – daarin lê die volheid van God – van wie Jesus is.

“Daar is meer aan Jesus as wat jy dink, daar is meer as wat jy sien en daar is meer as wat jy selfs verwag en op hoop...”

Wat wil die evangelie van Jesus Christus met ons kom doen? Dit wil ons oë kom oopmaak sodat ons Jesus kan herken vir wie Hy werklik is. Dit wil ons verander van blote waarnemers van Jesus, dalk selfs bewonderaars tot navolgers en deelnemers aan sy lewe en liefde. Die **Deense filosoof Soren Kiergegaard** noem dat daar drie fases van ons verhouding met God onderskei kan word: Die fase waar jy bloot ’n bewonderaar is, die fase wat jy ’n leerling van Jesus word en dan die fase wat jy ’n navolger van Jesus is en in sy voetspore begin loop.

Na my afgelope ervaring in die Kruger wildtuin dink ek dat die Here ons oë wil oopmaak om om te sien en sy liefde te ervaar en te beleef, want dit is immers die “ken” waarna Paulus verwys. Dit gaan oor veel meer as blote informasie en kennis versameling van Jesus. Dit is om te beweeg van waarnemers na deelnemers in en aan die lewe van Jesus.

Hoe word ek ’n deelnemer?

Ja ek lees en **bestudeer sy Woord in die volheid daarvan** en kyk hoe Jesus dit vir my kom voor leef het, maar meer as dit ek leef in ’n **wederkerig verhouding met hierdie Jesus waarin ek na sy Gees in my luister, deur ’n gesprekverhouding...**ek stel my bloot aan **ander gelowiges** en hulle ervarings van God , sodat ek kan groei in die veelkantigheid van wie Jesus is...**ek waag dit om te begein leef soos Jesus met geloof en moed** en sien hoe dit my oë oopmaak vir die rykdom van sy liefde en lewe...

“Daar is meer aan Jesus as wat jy dink, daar is meer as wat jy sien en daar is meer as wat jy selfs verwag en op hoop...”